VERKORTE VOLHOUBAARHEIDSverslag

Die integrering van ESG-beginsels by Remgro en sy onderliggende beleggings is nie alleen die regte ding om te doen nie, maar is uit 'n morele en sake-oogpunt noodsaaklik om volhoubare waarde vir belanghebbendes te ontsluit.

Volhoubaarheidshoogtepunte

- Die daarstelling van ESG-**bestuursmeganismes op direksievlak**
- Onderneem **wesentlike ontledings en beoordelings** van geselekteerde onderliggende beleggings
- Remgro bly 'n deelnemer aan die **FTSE4Good-indeksreeks** na die hersiening daarvan in Junie 2021
- Voortgesette lidmaatskap van die **Etiekinstituut van Suid-Afrika**
- **Inkorporering van ESG** in alle komiteemandate en direksiehandveste
- Inisiëring van 'n **strategiese ESG-komitee** en **operasionele ESG-komitee** wat aan die direksie verslag doen
- Hersien Remgro se beleggings-mandaat en ontwikkel 'n beleggingsbeleid en -raamwerk wat **ESG- en volhoubaarheids-oorwegings** insluit
- Volgehoue deelname aan die **CDP (voorheen Koolstof-openbaarmakingsprojek)**
- Verkryging van **vlak 4** bydraerstatus ingevolge die **BBSEB**-telkaart

Volledige volhoubaarheidsverslag aanlyn beskikbaar by www.remgro.com.

Inleiding

Sedert sy totstandkoming het Remgro daarna gestreef om 'n waardegedrewe besigheid te wees. Remgro se waardesisteem sluit die riglyne vir die suksesvolle bedryf van sake in wat sy stigter, dr Rupert, byna 60 jaar gelede neergelê het. Hierdie waardes sluit die volgende in:

- ***Eerlikheid*** – want dit duur die langste
- ***Korrektheid*** – want dit skep vertroue by vriende en opponente
- ***Hoflikheid*** – wat waardigheid sonder hovaardigheid en vriendelikheid sonder dienstigheid beteken
- ***Diens*** – in elke opsig: aan jou klant, jou medemens en jou land
- ***Onderlinge steun*** – sodat jy ander teen die leer van sukses kan opdruk terwyl jy self klim, want as jy ander aftrek, sal jy self val
- ***Vertroue*** – die geloof dat alles ten goede meewerk as elkeen sy plig doen
- ***Aanspreeklikheid*** – dat mense verantwoordelik is vir hul optrede en die ywer waarmee hulle die maatskappy se bates en inligting administreer
- ***Diversiteit*** – om vennootskappe te bou met mense van uiteenlopende geslag en maatskaplike en etniese agtergrond

Remgro glo dat hierdie waardes die gees beliggaam waarin gestreef word om 'n goeie korporatiewe burger te wees en volhoubare en gedeelde waarde tot die voordeel van al sy belanghebbendes te skep. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die drie pilare van volhoubare ontwikkeling, naamlik ekonomiese, maatskaplike en omgewingsvolhoubare praktyke, nog altyd deel van Remgro se geïntegreerde waardestelsel was waardeur hy sy maatskaplike en omgewingsverantwoordelikheid erken. Remgro glo ook aan die bevordering van sosio-ekonomiese ontwikkeling om 'n meer gelyke en inklusiewe samelewing daar te stel.

Remgro het 'n doelbewuste interaksie, en reaksie, ten opsigte van die geleenthede en uitdagings wat die dinamiese stelsel, geskep deur hierdie drie pilare, bied, asook die rentmeesterskap van die kapitaal tot sy beskikking, waaronder finansiële, vervaardigings-, intellektuele, menslike, maatskaplike verhoudings- en omgewingskapitaal.

Remgro is ten volle daartoe verbind om sy besigheid volhoubaar te bestuur en die hoogste standaarde van etiek en korporatiewe bestuurspraktyke te handhaaf. Terwyl korporatiewe bestuur, risiko- en geleentheidsbestuur en tegnologie- en inligtingsbestuur in die korporatiewe en risiko- en geleentheidsbestuursverslae behandel word, verskaf die volhoubaarheidsverslag 'n beter begrip van hoe Remgro inskakel by die breër gemeenskaps- en omgewingskonteks om 'n ESG-strategie te ontwikkel wat Suid-Afrika kan ondersteun om, deur positiewe maatskaplike en omgewingsimpakte, 'n meer volhoubare toekoms te skep. Verwys na die volhoubaarheidshoogtepunte op die vorige bladsy vir Remgro se eksterne erkenning en prestasies in hierdie verband gedurende die tydperk onder oorsig.

Remgro se beginsels

As 'n sakerentmeester van die maatskappye waarin belê word, is Remgro ten volle verbind daartoe om sy besighede volhoubaar te bestuur en die hoogste standaarde van etiek en korporatiewe bestuurspraktyke na te streef. Remgro se onderliggende beleggings word aangemoedig om so maatskappybeleide, prosedures, opleiding- en interne rapporteringstrukture te ontwikkel en te implementeer wat hul verbintenis tot hierdie beginsels regdeur hul organisasies duidelik sal weerspieël.

As deel van sy rentmeesterskapsrol erken Remgro sy maatskaplike en omgewings-verantwoordelikhede deur ESG-oorwegings deel van sy beleggingsraamwerk te maak. Dit word gedoen om besighede, waar Remgro-kapitaal belê, aan te moedig om volgehoue verbeterings in ESG aan te bring ten einde volhoubare waarde oor die lang termyn te skep.

Onderliggende beleggings word gevolglik beïnvloed en aangemoedig om:

- In ooreenstemming met Remgro se waardes en doelwitte volhoubare waarde vir belanghebbendes te skep.
- Volhoubare gedrag deur ESG-beginsels te bewerkstellig wat, naas finansiële opbrengste, bydra tot meetbare positiewe maatskaplike en omgewingsimpakte.

Gesamentlike gerusstelling

Verskaffing van gerusstelling	Sakeprosesse geraak deur gerusstelling	Verskaffer
Onafhanklike eksterne ouditeursverslag	Finansiële verslagdoening	PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Interne ouditverslae	Risikogebaseerde keuse van ouditgebiede	Remgro se risikobestuur en interne oudit
Interne risiko- en geleentheidsbestuur	Alle sleutelsakerisiko- en geleentheidsgebiede	Interne bestuursoorsigte, bygestaan deur Remgro se risikobestuur en interne oudit
BBSEB-bydraerverifikasie	Breë-basis swart ekonomiese bemagtiging	AQRate Eiendoms Beperk
Eksterne berekening van koolstofvoetspoor	Koolstofvoetspoorberekening	Carbon Calculated, bygestaan deur 'n onafhanklike konsultant
Veiligheid-, gesondheid- en omgewingsprosedures	Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (Nr. 85 van 1993) en verwante nakoming	EHS Green Leaf Consultancy

- Hul toegewyde ondersteuning vir universele menseregte te respekteer en, in die besonder dié van hul werknemers, die gemeenskappe waarin hulle bedrywig is en partye met wie besigheid gedoen word.
- Gelyke geleenthede vir werknemers op alle vlakke van die maatskappy te bevorder met die nodige sensitiwiteit tot kwessies van kleur, ras, geslag, ouderdom, etnisiteit of geloof en om enige gedrag te vermy wat kan lei tot die uitbuiting van kinders, fisiese straf, misbruik van vroue, dwangarbeid of enige ander vorm van mishandeling.
- Werknemers se reg tot vryheid van assosiasie te respekteer.
- Werknemers regverdig te vergoed om hulle in staat te stel om minstens in hul basiese behoeftes te voorsien terwyl geleenthede verskaf word om vaardighede en vermoë te ontwikkel om hul lewenstandaard te verhoog.
- 'n Veilige en gesonde werkplek te verskaf; menslike gesondheid en die omgewing te beskerm en volhoubare ontwikkeling te bevorder.
- Billike mededinging, waaronder respek vir intellektuele en ander eiendomsregte, te bevorder en geen omkoopgeld aan te bied, te betaal of te aanvaar nie.
- Saam met regerings en gemeenskappe te werk in gemeenskappe waar hulle sake doen om die lewensgehalte in daardie gemeenskappe spesifiek met betrekking tot hul onderwys, kulturele, ekonomiese en maatskaplike welsyn.
- Bekostigbare mediese ondersteuning aan alle werknemers te verskaf.
- Die toepassing van hierdie beginsels te bevorder by diegene met wie sake gedoen word.

Eksterne gerusstelling

Ons erken die toenemende vereistes van beleggers en regulatoriese, asook ander riglyne, soos die King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (2016) (King IV) en die geïntegreerde verslagdoeningsriglyne, vir eksterne gerusstelling oor gekose nie-finansiële inligting. Ons erken verder ons aanspreeklikheid teenoor ons aandeelhouers om inligting te verskaf wat relevant, akkuraat en betroubaar is. In hierdie verband moet daarop gelet word dat Remgro 'n gekombineerde gerusstellingsmodel volg wat bestuur, interne oudit, en eksterne gerusstelling (bv. verifikasie van BBSEB-telkaart en CDP (voorheen Koolstofopenbaarmakingsprojek)), soos in die tabel op bladsy 69 uiteengesit, insluit. Ons glo dat hierdie metodes die nodige gerusstelling gee oor die gehalte en betroubaarheid van die inligting wat verskaf word. Die verskillende opsies en vlakke van eksterne gerusstelling wat beskikbaar is, word voortdurend evalueer om die pad vorentoe te bepaal sover dit eksterne gerusstelling betref.

Bestuur se benadering tot volhoubaarheid

Remgro se direksie is in die finale instansie aanspreeklik vir die vertoning van die maatskappy, met dien verstande dat strategie, risiko, prestasie monitering en volhoubaarheid onafskeidbaar is. Remgro se ESG-prestasie en -vordering word nou op direksievlak, asook deur die strategiese ESG-komitee, gemonitor. Die implementering van 'n ESG-handves en -bestuurstrukture verskaf strategiese rigting en oorsig ter ondersteuning van Remgro en sy onderliggende beleggings se verbintenis tot ESG. Die strategiese ESG-komitee werk ten nouste saam met die oudit-en-risikokomitee, ondersteun deur die maatskaplike-en-etiesekomitee, gedelegeer. Die rol en funksie van hierdie komitees word in meer besonderhede hanteer in die korporatiewe bestuursverslag en die verslag van die maatskaplike-en-etiesekomitee onderskeidelik op bladsy 78 en 132.

Etiek, mededinging en nakoming

Etiek

Die direksie glo dat etiese gedrag uit die toepaslike waarde-sisteme van die mense in diens van die maatskappy spruit, asook uit die sigbare etiese leierskap en waardegedrewe korporatiewe kultuur wat dit rig en ondersteun. Leierskap wat op etiese beginsels gegrond is, lei tot 'n kultuur van etiese en morele gedrag en die nakoming van wette, reëls, kodes en standaarde. Die direksie beskou dit dus as sy verantwoordelikheid om 'n kultuur van eerlikheid, integriteit, bevoegdheid, deursigtigheid, billikheid, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid daar te stel en te handhaaf ten einde die maatskappy as 'n voorkeurbeleggingsvennoot te posisioneer wat daarna streef om volhoubare belangegroepwaarde oor die lang termyn te skep. Dit word gerugsteun deur etiese leierskap, aangesien etiek nie gereguleer kan word nie, maar uit persoonlike oortuiging spruit.

In hierdie verband het die maatskappy 'n Etiese Kode (die kode) aanvaar wat die raamwerk vir etiese praktyke en sakegedrag verskaf wat op alle direkteure en werknemers van toepassing is. Die kode is aan alle werknemers op Remgro se interne intranet beskikbaar en afskrifte daarvan word aan alle nuwe werknemers gegee. Die kode, sowel as 'n formele Geskenkebeleid, verskaf duidelike riglyne oor geskenke, uitnodigings of gunste wat van enige verskaffer of ander partye ontvang word. Die aanbied van gunste en/of geskenke om onregmatige kommersiële voordele te bekom, is ook streng verbode.

Remgro vereis ook etiese gedrag van sy verskaffers en sakevennote en maak seker dat handelsvoorwaardes en verwante ooreenkomste etiese gedrag benadruk, tesame met verantwoordelike omgewingsverbruik en die nakoming van menseregte, soos in wetgewing vasgelê.

Die oudit-en-risikokomitee hou toesig oor die nakoming van die kode en hanteer onder andere, enige gevalle van bedrog of onreëlmatighede wat mag voorkom. Die maatskappy het 'n doeltreffende bedrogvoorkomings- en opsporingsbeleid wat nakoming en risikovermindering verseker. Geen wesentlike ondersoeke met betrekking tot Remgro, sy werknemers of amptenare is gedurende die rapporteringstydperk gedoen nie.

Die maatskappy het 'n ***Etiese blitslyn*** ingestel wat enige werknemer of belanghebbende in staat stel om inligting oor waargenome of vermeende onreëlmatige of onetiese gedrag in 'n vertroulike en beheerde omgewing te rapporteer. Die Etiese blitslyn word deur 'n onafhanklike derde party bestuur en is op 'n 24-uurgrondslag beskikbaar. Gedurende die jaar onder oorsig is geen beweerde insidente rakende Remgro, sy werknemers of amptenare gerapporteer nie. Daar was egter 'n merkbare toename in die aantal insidente, waar eksterne kriminele elemente op onwettige en bedrieglike wyse die naam van die maatskappy, en dié van sommige van sy beamptes en direkteure, geteiken het om niksvermoedende slagoffers uit te buit. Terwyl hierdie neiging in ooreenstemming met misdaadstatistiek en forensiese opnames oor kubergebaseerde bedrog is, tree Remgro, as deel van sy bedrog- en misdaadvoorkomingsmaatreëls, pro-aktief op deur op sy webblad die aandag op sulke risiko's te vestig en potensiële slagoffers te waarsku. Daarby registreer die maatskappy kriminele klagtes by die SAPD en word ondersoeke, waar moontlik, ondersteun. Wanneer oproepe ontvang mag word wat verband hou met beweerde onreëlmatighede by onderliggende beleggings, maak die stelsel voorsiening vir die oproepe om deur Remgro se verteenwoordigers op die direksies van daardie maatskappye, na die toepaslike bestuurstrukture verwys te word.

Belanghebbendes en waardes



Remgro Etiese blitslyn 0800 222 536
of e-pos remgro@tip-offs.com

Mededinging

Die maatskappy ondersteun, en voldoen aan die relevante mededingings- en anti-trustreëls, soos dit van toepassing is in die onderskeie regsgebiede waarin Remgro sake bedryf. Gedurende die jaar onder oorsig is geen navrae ontvang rakende onmededingende, wantroue of soortgelyke gedrag wat daartoe gelei het dat boetes gehef is nie.

Nakoming

Gedurende die jaar onder oorsig was daar geen wesentlike voorvalle van nie-nakoming van enige wette, regulasies, aanvaarbare standaarde of kodes nie en geen boetes is ook gehef in hierdie verband nie.

Verder is geen voorvalle van skending van enige menseregte of omgewingswanpraktyke gerapporteer of geïdentifiseer nie.

Verhoudings met belanghebbendes

Ons verhouding met alle belanghebbendes is gegrond op die volgende waardes wat in Remgro se Etiese Kode verskans en daardeur ondersteun word, waardes wat effektiewe leierskap deur die Remgro-direksie ondersteun om met verloop van tyd strategiese doelwitte en positiewe uitkomste te behaal:

- ***Integriteit*** – deur eties op te tree, bo en behalwe gewone nakoming
- ***Bevoegdheid*** – om te verseker dat die nodige sorg, kundigheid en omsigtigheid gehandhaaf word
- ***Verantwoordelikheid*** – vir die bates en bedrywighede van die maatskappy
- ***Aanspreeklikheid*** – om sy besluite en bedrywighede teenoor aandeelhouers en ander belanghebbendes te regverdig
- ***Billikheid*** – in die oorweging van belanghebbendes se regmatige belange
- ***Deursigtigheid*** – in die verskaffing van inligting op 'n wyse wat belanghebbendes in staat stel om ingeligte besluite oor die maatskappy se vertoning, monitering, vordering en ESG en volhoubaarheid te maak

Remgro se direksie is die uiteindelike bewaarder van sy korporatiewe reputasie en verhoudings met belanghebbendes. In hierdie verband spel 'n formele beleid Remgro se benadering en raamwerk ten opsigte van verhoudings met belanghebbendes uit om te verseker dat die benadering die toepaslike riglyne van korporatiewe bestuur in ag neem.

Remgro gebruik 'n wye verskeidenheid kommunikasiemetodes om te verseker dat sy kommunikasie met belanghebbendes duidelik en verstaanbaar, sowel as deursigtig, ewewigtig en geloofwaardig is en alle relevante feite, hetsy positief of negatief, uiteensit. Met sorgsaamheid word verseker dat skakeling met belanghebbendes, waar moontlik, nie slegs eenrigting-kommunikasie behels nie, maar opbouende vennootskaps-gegronde betrokkenheid verteenwoordig. Dit verseker dat die regmatige verwagtinge van alle belanghebbendes, sover moontlik, geïdentifiseer en hanteer word.

Remgro, soos ander organisasies, het 'n ekonomiese impak op sy belangegroepe, onder andere deur die voortbring en verspreiding van gedeelde waarde, die skep van werksgeleenthede, billike en mededingende vergoeding aan

werknemers, asook korporatiewe maatskaplike besteding. Daar word deurlopend met belangegroepe gekommunikeer oor relevante kwessies, soos elders in hierdie verslag berig word.

Aandeelhouers en die beleggersgemeenskap

Om sy hoofdoelwit van waardeskepping na te streef en volhoubare groei te maksimeer, doen Remgro besondere moeite om te verseker dat alle aandeelhouers of aandeelhouersklasse, regverdig behandel word. Spesiale sorg word geneem om minderheidsaandeelhouers teen optrede deur, of in die belang van, die hoofaandeelhouer te beskerm wat tot hul nadeel mag wees. In hierdie verband tree die hoof onafhanklike direkteur op as voorsitter van vergaderings in omstandighede waar die onafhanklikheid van die bestaande voorsitter potensieel teenstrydig mag wees.

Kommunikasie met beleggers is op die beginsels van tydige, ewewigtige, duidelike en deursigtige inligting gegrond. In hierdie opsig het die beleggersgemeenskap toegang tot dieselfde inligting waaroor Remgro se aandeelhouers beskik. Duidelike protokolle bestaan wat die aard, omvang en frekwensie van kommunikasie met beleggers beheer. Aandeelhouers en die beleggersgemeenskap word aangemoedig om Remgro se algemene jaarvergaderings by te woon, waar aktuele sake openlik bespreek word. Verdere interaksie met institusionele beleggers vind minstens twee keer per jaar by die inbel-aanbieding van tussen- en finale resultate plaas, waar vrae aan die hoofuitvoerende beampte en hoof finansiële beampte gestel kan word. Buiten hierdie geleenthede, neem die bestuurspan van tyd tot tyd aan ons beleggersamesprekings deel, hoofsaaklik met die doel om te verseker dat dit Remgro se ekwiteitsverhaal so wyd moontlik verstaan en weerspieël word in heersende kapitaalmark-evaluerings. Ons streef daarna om voortdurend ons kommunikasie, boodskapoordrag en openbaarmaking te verbeter sodat aandeelhouers bestuur se siening van waarde beter kan verstaan. Ons glo dat deursigtige kommunikasie ons beter posisioneer om wyer institusionele dekking en sigbaarheid in internasionale kapitaalmarkte te geniet met die oog op groter investering. Ons bly egter gedissiplineerd om die behoefte om met die beleggers-gemeenskap te kommunikeer, te balanseer met die noodsaak om inligtingsongelykheid te vermy en nakoming van die relevante openbaarmakingsvereistes en regulasies ingevolge die noteringsvereistes van die JSE Beperk (JSE) te verseker. In hierdie verband word aandeelhouers, asook die beleggersgemeenskap, aangemoedig om Remgro se beleggers-verhoudingsbestuurder direk te skakel met navrae oor enige beleggersverwante aangeleenthede. Die kontakbesonderhede vir beleggersverhoudings is beskikbaar in die beleggersegment op die maatskappy se webwerf.

Die mees onlangse, asook historiese, finansiële en ander inligting word op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com gepubliseer.

Werknemers

Vir Remgro om sy hoofdoelwitte te bereik, is dit noodsaaklik om werknemers van die hoogste gehalte te werf en te behou. Remgro se fokus op diversiteit, gelykheid en insluiting is daarop gemik om, deur toegang tot gelyke geleenthede, die beste talent te lok, te ontwikkel en te behou, terwyl 'n regverdige werkomgewing geskep word.

Ons werknemers word billik behandel en mededingend vergoed en Remgro streef daarna om aan alle werknemers die geleentheid te bied om hul potensiaal te verwesenlik. Tydens korporatiewe aksies word spesiaal daarna omgesien dat werknemers wat aan die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema, Aandelegroeiregplan (SAR) en Voorwaardelike Aandeleplan (CSP) deelneem, nie meer gunstig as gewone aandeelhouers behandel word nie.

Aangesien Remgro 'n beleggingshouermaatskappy met 'n klein personeelkorps op hoofkantoorvlak is, geskied kommunikasie met werknemers oor die algemeen informeel en deur 'n verskeidenheid kanale, waaronder e-posboodskappe, die interne intranet, Remgro se webwerf, inligtingsessies, digitale konferensies en kennisgewingborde. Daar word seker gemaak dat alle kommunikasie met aandeelhouers ook aan werknemers oorgedra word.

Die maatskappy volg 'n "Staying Future Fit" (SFF) veranderings-bestuursplan om te fokus op 'n aantal inisiatiewe wat spesifiek gedurende werknemerfokusgroepe geïdentifiseer is. Hierdie inisiatiewe sluit onder andere die volgende in:

- Werkwinkels aangaande diversiteit, inklusiwiteit, vertroue en spanwerk
- Geteikende funksionele en leierskapontwikkeling
- Formele en doeltreffende kommunikasiekanale
- Robuuste persoonlike ontwikkeling en prestasie-bestuurs-prosesse.

Voor die Covid-19-inperking het die SFF-reis goeie momentum gekry en is baie van die inisiatiewe of geïmplementeer of is dit in 'n proses om gefinaliseer te word vir implementering. Gedurende die inperkingstyd het die bestuursraad en senior bestuur met 'n proses begin om die SFF-veranderings-bestuursplan te versterk ten einde maatskappygroei in die tydperk na die RMH-ontbondeling en die Covid-19-pandemie te ondersteun. Hierdie veranderinge is in die afgelope twee jare gefinaliseer en in die maatskappy bekendgestel.

Figuur 1

BBSEB-telkaart

Element	Aanwyser	Gewig	Telling
Ekwiteitseienaarskap	Persentasie-aandeel in ekonomiese voordele	**25**	**20.10**
Bestuursbeheer	Persentasie swart persone in uitvoerende bestuur en/of uitvoerende direksiekomitees	**19**	**9.42**
Vaardigheidsontwikkeling	Vaardigheidsontwikkelingspandering in verhouding tot die totale betaalstaat	**20**	**11.56**
Onderneming- en verskafferontwikkeling	Aankope van bemagtigde ondernemings in swart besit in verhouding tot totale bates, sowel as die gemiddelde waarde van bydraes ten opsigte van verskaffer- en ondernemings-ontwikkeling as 'n persentasie van na-belaste wins	**40**	**33.97**
Sosio-ekonomiese ontwikkeling	Korporatiewe maatskaplike belegging tot voordeel van swart persone	**5**	**5.00**
Totale telling		**109**	**80.05**

Onderliggende beleggings en ander aandeelhouers van hierdie maatskappye

Remgro se prestasie is direk gekoppel aan dié van die onderliggende beleggings en daarom word kommunikasie met hierdie ondernemings en mede-aandeelhouers as deel van die rentmeesterskapsrol as baie belangrik beskou. Verhoudings met onderliggende beleggings, word hoofsaaklik deur direksieverteenwoordiging bestuur, met direkteure of senior bestuur van Remgro wat as nie-uitvoerende direkteure op die direksies van hierdie maatskappye dien. Hierdie verteenwoordigers het tydens direksievergaderings interaksie met die direkteure en senior bestuur van die onderliggende beleggings en op 'n deurlopende basis regdeur die jaar indien nodig. Verteenwoordigers van hierdie maatskappye word aangemoedig om Remgro se senior bestuur te ontmoet vir besprekings oor hul besighede. Alle transaksies met mede-aandeelhouers in onderliggende beleggings word op 'n billike wyse hanteer en in ooreenstemming met die onderliggende aandeelhouersooreenkomste. Remgro streef daarna om waarde tot hierdie beleggings toe te voeg.

Gemeenskap

Korporatiewe burgerskap, die verbintenis van 'n onderneming om tot volhoubare ekonomiese ontwikkeling by te dra, onderskryf die beginsel dat geen besigheid in isolasie bestaan nie, maar onmiskenbaar deel is van die omgewing waarin sake gedoen word en teenoor wie sekere verantwoordelikhede verskuldig is.

In sy verhouding met die gemeenskap streef Remgro daarna om 'n waardevennoot te wees en daarom val die klem van sy gemeenskapsbetrokkenheid op armoedebekamping en investering in jongmense uit voorheen benadeelde gemeenskappe in die geloof dat sulke beleggings tot ver in die toekoms goeie dividende sal lewer. Remgro se korporatiewe maatskaplike beleggingsinisiatiewe en donasies word in meer besonderhede in die volledige volhoubaarheidsverslag wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, bespreek.

Leweransiers en diensverskaffers

Remgro glo daaraan om langtermyn-vennootskappe met diensverskaffers aan te gaan wat op onderlinge vertroue en respek gegrond is. Verskeie maatstawwe speel 'n rol in die keuse van geskikte diensverskaffers, waaronder voldoening aan gehaltestandaarde, bestendigheid en 'n bewese rekord van die organisasie, BBSEB-status en sy beskikbare ondersteuningsnetwerk.

As deel van 'n proses om te verseker dat diensverskaffers in ooreenstemming met Remgro se maatskappywaardes gebring word, het Remgro diensvlak-ooreenkomste met sleutelverskaffers begin om te verseker dat sy verwagtinge ten opsigte van omgewingsverantwoordelikheid, die nakoming van menseregte- en teenkorrupsiebeleide weerspieël word.

Aangesien Remgro 'n beleggingshouermaatskappy is, is daar vasgestel dat sy kostestruktuur deurgaans met dié van effektetrusts vergelyk word om te verseker dat aandeelhouers nie benadeel word nie. As deel van die proses om korporatiewe koste te bestuur, word goeie verhoudings met diensverskaffers gehandhaaf.

Suid-Afrikaanse regering en beheerliggame

'n Oop en eerlike verhouding word met die regering en relevante beheerliggame gehandhaaf. In hierdie verband geskied besprekings op 'n *ad hoc*-grondslag soos die behoefte ontstaan en dit vind gewoonlik in die vorm van formele vergaderings of aansoeke plaas. Beheerliggame, soos die Nasionale Tesourie, die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB), die Mededingingskommissie, die Transaksie-hersieningspaneel en die JSE, word op hoogte gehou van korporatiewe aksies in ooreenstemming met alle toepaslike wette en regulasies. Vergaderings met die SARB vind jaarliks plaas ten einde hul op hoogte te hou van Remgro se buitelandse bedrywighede.

Breë-basis swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB)

Inleiding

Die direksie glo dat BBSEB 'n maatskaplike, politieke en ekonomiese noodsaaklikheid is en daarom word die inisiatiewe van die maatskappy se filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings in hierdie verband ondersteun en aangemoedig tot die mate waarin Remgro se filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes BBSEB implementeer, het Remgro se aandeelhouers in effek deel aan hierdie BBSEB-inisiatiewe en die voordele en koste daaraan verbonde.

Remgro meet sy BBSEB-status teen die generiese telkaart-maatstawwe van die Departement van Handel, Nywerheid en Kompetisie. Volgens die jongste beoordeling van Remgro se BBSEB-status, wat in September 2022 gedoen is, het Remgro 'n telling van 80.05 (2021: 78.60) behaal en daardeur sy vlak 4-bydraerstatus verkry. Die besonderhede van die beoordeling word volledig in Figuur 1 op die vorige bladsy uiteengesit en sluit die BBSEB-inisiatiewe van Remgro se vernaamste onafhanklike bedryfsfiliale, Distell Group Holdings Beperk (Distell), RCL Foods Beperk (RCL Foods), Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods) en Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco), in.

Ekwiteitseienaarskap

Verifiëring van BBSEB-eienaarskap word bestuur deur die gewysigde beste praktykkodes rakende BBSEB, wat op 11 Oktober 2013, ingevolge Artikel 9(1) van die Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (Nr. 53 van 2003), geproklameer is.

Daar moet op gelet word dat swart eienaarskap ingesluit is by die aandeelhoudings van institusionele beleggers in Remgro (verwys bladsy 163, waar Remgro se vernaamste aandeelhouers openbaar gemaak word). 'n Jaarlikse oefening word gedoen om die indirekte swart eienaarskap betrokke by hierdie gemagtigde beleggings te bepaal, en gevolglik, in te sluit. Daarby word die bepalings van Kodereeks 100, Standpunt 102 – Erkenning van die verkoop van bates, sowel as die uitsluiting van buitelandse bedrywighede, ook in aanmerking geneem.

Remgro se ekwiteitseienaarskapstelling is soos volg:

Geverifieerde ekwiteits-eienaarskaptelling	Teiken-telling	**30 Junie 2022**	30 Junie 2021
Swart persone met stemreg	4.00	**3.51**	3.68
Swart vroue met stemreg	2.00	**2.00**	2.00
Swart persone met ekonomiese belang	4.00	**3.54**	3.56
Swart vroue met ekonomiese belang	2.00	**2.00**	2.00
Ekonomiese belang van breë-basis eienaarskap skemas	3.00	**3.00**	3.00
Nuwe swart toetreders	2.00	**–**	–
Netto waarde	8.00	**6.05**	6.06
	25.00	**20.10**	20.30

Figuur 2

Opgesomde gelyke indiensnemingsverslag (soos op 30 Junie 2022)

	Mans				Vroue				BB		Totaal
Beroepsvlakke	**S**	**B**	**I**	**W**	**S**	**B**	**I**	**W**	**M**	**V**	
Topbestuur	–	1	–	3	–	–	–	1	–	–	5
Senior bestuur	–	2	–	15	1	–	1	3	–	–	22
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste, asook middelvlakbestuur	–	1	2	16	3	5	–	8	–	–	35
Opgeleide tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente	3	9	–	12	3	12	1	24	–	–	64
Halfgeskoold, met diskresionêre besluitneming	19	20	–	–	3	7	–	–	–	–	49
Groottotaal	22	33	2	46	10	24	2	36	–	–	175

S | Swart B | Bruin I | Indiër W | Wit BB | Buitelandse Burgers M | Mans V | Vroue

Hoewel Remgro se BBSEB-telling die inisiatiewe van Distell, RCL Foods, Siqalo Foods en Wispeco insluit, hou die bespreking hieronder oor die ander elemente van die generiese telkaartmaatstawwe slegs verband met die bedrywighede by Remgro se hoofkantoor op Stellenbosch. Vir meer besonderhede oor die BBSEB-inisiatiewe by maatskappye waarin beleggings gehou word, verwys na die afdeling "BBSEB by onderliggende beleggings".

Bestuursbeheer

Die direksie het met verloop van tyd getransformeer, met ses van die elf nie-uitvoerende direkteure (55%) wat swart persone is. Op bestuursraadvlak is een uit die vyf lede 'n swart persoon.

Gelyke indiensneming

Gelyke indiensneming is Remgro se grootste transformasie-uitdaging. 'n Vyfjaar gelyke indiensnemingsplan waarin Remgro se transformasiedoelwitte uiteengesit word, word aan die Departement van Indiensneming en Arbeid voorgelê. Vordering ten opsigte van die plan word jaarliks aan die Departement van Indiensneming en Arbeid gerapporteer. Hoewel pogings aangewend word om die maatskappy se swart verteenwoordiging op bestuursvlak te verbeter, bly die lae personeelomset en beperkte organiese groei, beperkende faktore. Meer besonderhede oor gelyke indiensneming word op bladsy 75 aangebied.

Remgro se opgesomde gelyke indiensneming, soos op 30 Junie 2022, word in Figuur 2 hierbo aangebied en sit die verspreiding van heeltydse werknemers volgens ras en per beroepsvlak uiteen.

Vaardigheidsontwikkeling

Remgro voldoen aan die vereistes van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Nr. 97 van 1998) ingevolge waarvan 'n vaste persentasie van die betaalstaat as 'n opleidingsheffing aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens betaal word. 'n Jaarlikse verslag van alle opleiding wat in die maatskappy plaasgevind het, word ook aan die relevante SETA voorgelê.

Voorkeurverkryging

Aangesien Remgro nie 'n bedryfsmaatskappy is nie, is die verkrygingsfunksie baie klein en word die verkrygingsprofiel deur 'n hoë dienskomponent gekenmerk eerder as deur materiaalaankope. Hoewel die verkrygingsfunksie klein is, streef Remgro daarna om sover moontlik BBSEB-geakkrediteerde verskaffers (vlak 3 en hoër) te gebruik.

Ondernemings- en sosio-ekonomiese ontwikkeling

'n Aansienlike hoeveelheid tyd en hulpbronne word intern spandeer aan besigheidsontwikkeling en korporatiewe maatskaplike bestedingsinisiatiewe (KMB). Meer besonderhede oor die maatskappy se KMB word op bladsy 76 verskaf.

BBSEB by onderliggende beleggings

Remgro monitor en dra by tot die BBSEB-vertoning en vordering van onderliggende beleggings deur sy direksieverteenwoordiging en deelname en fasilitering van korporatiewe aksies by hierdie maatskappye. Die BBSEB-status van Remgro se onderliggende beleggings, word in meer besonderhede aangedui in die "beleggingsoorsig"-afdeling op bladsy 40 van die geïntegreerde jaarverslag.

Verdere inligting rakende die BBSEB-status van Remgro se bedryfsfiliale word behandel in die afdeling wat handel oor "volhoubaarheid by bedryfsfiliale" in die volledige volhoubaarheidsverslag wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

Ons mense

Werknemersamestelling

Remgro glo dat die gehalte van sy personeel 'n belangrike volhoubare voordeel bied. As 'n beleggingshouermaatskappy het hy 'n klein personeelkorps, wat op 30 Junie 2022 uit 175 werknemers (2021: 173 werknemers) bestaan het. Verwys na

Figuur 3 waar meer besonderhede oor die samestelling van ons personeel, volgens ras, geslag en ouderdom, aangebied word.

Vir die jaar onder oorsig was Remgro se personeelomset 8.0% teenoor 5.2% in die vergelykende jaar tot 30 Junie 2021. Die omsetsyfers is bereken deur die totale aantal werknemers op jaareinde te gebruik. Deur slegs bedankings (dus vermybare werknemeromset) te oorweeg, verminder bogenoemde syfers na 4.0% vir 2022 en 1.7% vir 2021.

Werwing- en keuringsbeleid

Om te verseker dat Remgro 'n voorkeurbeleggingsvennoot bly, is dit noodsaaklik dat werknemers van die hoogste gehalte gewerf, gekies en behou word. Die maatskappy se werwing- en keuringsproses is so ontwerp om nie 'n kandidaat te oordeel op sy inherente eienskappe nie, wat tot diskriminasie teenoor werknemers of aansoekers op grond van geslag, ras, geloof of enige ander faktor, soos in die indiensnemingswetgewing gedefinieer, kan lei nie.

Gelyke indiensneming

Remgro onderskryf die beginsels van die Wet op Gelyke Indiensneming (GI) (Nr. 55 van 1998) en in hierdie verband streef hy deur sy gelyke indiensnemingsbeleid daarna om gelyke geleenthede aan alle werknemers te bied en om geskikte individue te identifiseer, te ontwikkel en te vergoed in ooreenstemming met hul prestasie, toewyding en ervaring. Spesiale aandag word aan groepe gegee wat vanweë historiese redes die maatstaf pas van "voorheen benadeelde persone".

Die huidige GI-plan is ontwikkel en goedgekeur na 'n robuuste proses van betrokkenheid deur middel van die goed gevestigde raadplegende GI-forum en loodskomiteestrukture. Ondanks die talle uitdagings wat die Covid-19 inperkingstyd gebied het ten opsigte van gereëlde vergaderings, is die goedgekeurde plan in aksie en is ons goed geposisioneer om voort te gaan met die implementering van die kwalitatiewe en kwantitatiewe doelwitte daarvan. Jaarlikse vordering ten opsigte van die plan word aan die Departement van Indiensneming en Arbeid en die maatskaplike-en-etiesekomitee gerapporteer.

Die huidige GI-vyfjaarplan kom in die 2024-finansiële jaar tot 'n einde, wat beteken dat die maatskappy 'n nuwe GI-plan gedurende die 2023-finansiële jaar moet ontwikkel. Die proses sal weer geskied deur skakeling en raadpleging met die onderskeie GI-forums en die GI-loodskomitee.

Figuur 3

Samestelling van werknemers (soos op 30 Junie 2022)



"Dit is daarom noodsaaklik om **werknemers** van die hoogste gehalte **te werf, te kies en te behou.**"

Werknemersvergoeding

Ons doelwit is om werknemers billik, mededingend en volgens hul vermoë, vaardighede, verantwoordelikhede, ervaring en prestasievlakke te vergoed. Die vlak van salarisse wat betaal word, is een van verskeie aspekte van ons strategie om mense van hoë gehalte te behou, te motiveer en, waar nodig, te werf. Daarby bied Remgro ook aan sy personeel 'n stimulerende werkomgewing. Remgro het 'n formele vergoedingsbeleid wat die vergoedingsbeginsels vir die organisasie as geheel uiteensit. Verwys na die vergoedingsverslag op bladsy 98 waar Remgro se vergoedingsbeginsels in detail bespreek word.

Remgro bied aan sy werknemers aftreevoordele in die vorm van 'n omskrewevoordeelfonds (geslote) en omskrewebydraefonds wat onafhanklik van die maatskappy se finansies geadministreer word. Daarby word ook mediese versekering, toegang tot groepslewens- en ongeskiktheidsdekking, studiehulp en ander voordele wat kenmerkend van 'n verantwoordelike werkgewer is aan werknemers gebied. Kwalitatiewe ESG-maatstawwe is deel van langtermynaansporingstrukture gemaak om bestuur aan te spoor en te motiveer om stukrag aan Remgro se ESG-strategie te gee.

Opleiding en vaardigheidsontwikkeling

Die hoofdoel van opleiding is om werknemers sodanig toe te rus dat hulle hul volle potensiaal kan verwesenlik tot voordeel van die maatskappy en hulself. As beleggingshouermaatskappy beskik Remgro oor 'n hoogs gespesialiseerde arbeidsmag en word ontwikkeling op voortgesette professionele ontwikkelingsbehoeftes, die bou van kapasiteit om toekomsgereed te bly en leierskapsontwikkeling toegespits. Individue word daarby aangemoedig om opleidingsprogramme by te woon, soos geïdentifiseer deur ons ***My Contribution***-prestasie- en loopbaan-ontwikkelingsproses. Gedurende hierdie finansiële jaar is waarde geput uit baie opleidingsessies en werkwinkels met betrekking tot die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Nr. 4 van 2013) (POPIA) , met die suksesvolle integrering van POPIA-beginsels en -praktyke in die organisasie. Dit sal verseker dat Remgro se direkteure, bestuur en werknemers toegerus is om gesonde korporatiewe bestuurspraktyke te handhaaf op alle vlakke waar hulle betrokke is.

Gesondheid en veiligheid

Die maatskappy het 'n behoorlik saamgestelde veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee, soos vereis deur die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Nr. 85 van 1993). Die komitee is 'n subkomitee van die risiko-, geleentheids-, tegnologie- en inligtingsbestuurs- operasionele subkomitee en verseker dat die maatskappy 'n veilige, gesonde en risikovrye omgewing vir sy personeel en besoekers bied en sien toe dat beheermaatreëls om risiko's te beperk doeltreffend is en toegepas word.

Covid-19

Om die risiko van die koronavirus vir werknemers verantwoordelik te bestuur, het Remgro voortdurend Covid-19-risikoberamings gemaak en gereedheid- en reaksieplanne ooreenkomstig aangepas. 'n Sleutelelement van die reaksieplan was om in November 2021 'n inentingsbeleid bekend te stel. Die fokus van die beleid was om werknemers te raadpleeg en te onderrig oor die doeltreffendheid van inentings en teen die einde van Junie 2022 was amper 98% van werknemers ingeënt.

Na verdere risiko-ontledings, wetenskaplike inligting beskikbaar in daardie stadium en die felheid van die Omikron-variant van die koronavirus, het die maatskappy in Junie 2022 besluit om sekere aspekte van die beleid uit te stel. Die belangrikste hiervan was die vereiste dat alle werknemers teen Junie 2022 ingeënt moes wees.

Die maatskappy glo steeds dat inentings die mees effektiewe vorm van beskerming teen die virus bied en daarom is besluit om eers te wag met die beleid en dit nie te kanselleer nie. Die doelwit van die beleid was om te verseker dat alle werknemers ingeënt word en in hierdie opsig was dit baie suksesvol. Teen jaareinde was sowat 98% van werknemers ten volle ingeënt.

Indien wetenskaplike data, soos die voorkoms van 'n nuwe variant, op enige stadium aandui dat meer mense ernstig siek raak, of sterf, en ons risiko-ontleding dit ondersteun, sal alle aspekte van die beleid weer van krag wees.

MIV/vigs

Uit 'n beleggingshouermaatskappy se perspektief bestaan die risiko verbonde aan MIV/vigs uit twee elemente, naamlik:

Groeprisiko

Gegewe die potensiële uitwerking van MIV/vigs op markte, menslike kapitaal, die koste van indiensneming en die bedryfsprosesse van ondernemings waarin belê is, word hierdie risiko bestuur binne die strukture van die onderskeie onderliggende beleggings. Die vordering van hierdie toepaslike beleid en strategieë word aan die hand van beste praktyk standaarde gemonitor.

Maatskappyrisiko

Remgro het 'n formele MIV/vigs-beleid en is verbind tot daadwerklike stappe om die pandemie, en die besigheidsrisiko's daaraan verbonde, te bestuur. Die beleid maak, onder andere, vir die volgende voorsiening:

- Nakoming van alle wetlike verpligtinge met betrekking tot MIV/vigs
- Geen diskriminasie teen werknemers of potensiële werknemers op grond van hulle MIV-status nie
- Streng vertroulikheid van inligting oor die MIV-status van werknemers
- Algemene maatreëls word ingestel en bestuur om toevallige besmetting te voorkom

Die Remedi Mediese Hulpskema, waaraan die meeste Remgro-personeel behoort, beskik oor 'n bestuursplan vir MIV/vigs waaraan werknemers volgens hul keuse kan deelneem.

Belegging in die gemeenskap

Remgro se KMB-inisiatiewe en donasieprogram dek 'n breë spektrum van die gemeenskap en kan as volg opgesom word:

- Gemeenskapsontwikkeling
- Kulturele ontwikkeling
- Entrepreneurskap, opleiding en onderwys
- Omgewing
- Gesondheidsorg
- Sportontwikkeling

Remgro probeer om 'n KMB van ongeveer 2.5% van sy jaarlikse netto vrye kontantvloei te handhaaf. In hierdie opsig is daar 'n amptelike KMB-komitee wat gereeld vergader om verdienstelike instansies te oorweeg en skenkings goed te keur. Donasies aan kwalifiserende instansies word op 'n jaarlikse grondslag vir 'n spesifieke tydperk gemaak en hoewel bydraes oor 'n taamlik breë spektrum strek, is daar twee ooglopende uitsonderings: politieke partye en godsdienstige instellings. Remgro respekteer sy werknemers se keuses om by hierdie instansies betrokke te raak, maar oefen nie self 'n keuse uit nie.

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro se KMB R26 miljoen bedra (2021: R22 miljoen), soos in die tabel hieronder uiteengesit.

Opsomming van KMB	**Jaar geëindig 30 Junie 2022 R miljoen**	Jaar geëindig 30 Junie 2021 R miljoen
Gemeenskaps-ontwikkeling	**7**	6
Kulturele ontwikkeling	**4**	3
Entrepreneurskap, opleiding en opvoeding	**10**	8
Omgewing	**2**	2
Gesondheidsorg	**–**	1
Sportontwikkeling	**3**	2
	26	22

Meer inligting rakende Remgro se KMB-inisiatiewe kan gevind word in die volledige volhoubaarheidsverslag wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

ESG en volhoubaarheid van onderliggende beleggings

Remgro erken dat as 'n verantwoordelike rentmeester van sy beleggings, die beste vordering met sy volhoubaarheidsagenda gemaak kan word wanneer in vennootskap met al die onderliggende beleggings oor die hele waardeketting opgetree word om volhoubare gedrag te beïnvloed ten einde gemeenskaplike en gesamentlike volhoubaarheidsdoelwitte te bereik. Remgro is daartoe verbind om sy onderliggende beleggings te help om hul benadering tot korporatiewe burgerskap te ontwikkel en sodoende te verseker dat sy beleggings sy strewe weerspieël om omgewings-, maatskaplike en ekonomiese verandering regdeur die ekosisteem te bewerkstellig.

Remgro se vier vernaamste bedryfsfiliale, naamlik Distell, RCL Foods, Siqalo Foods en Wispeco, word op 'n gedesentraliseerde grondslag as onafhanklike entiteite, met outonome direksies, bedryf en bestuur.

Verwys asseblief na die volledige volhoubaarheidsverslag wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is vir verdere inligting rakende die maatskaplike en omgewings-prestasies van hierdie filiale.

Omgewing

Alle besighede bedryf sake binne 'n groter ekosisteem, waar die natuurlike omgewing, as 'n onafhanklike belanghebbende, sekere noodsaaklike dienste verskaf. Remgro se onderliggende beleggings is afhanklik van baie van hierdie dienste, soos water, produktiewe grond en skoon lug. Remgro glo dat dit noodsaaklik is dat die maatskappye waarin belê word, hul langtermyn-volhoubaarheid moet verseker deur hul impak op die omgewing tot 'n minimum te beperk en, belangrik, maatreëls in plek stel om proaktief die natuurlike hulpbronne te beskerm waarvan hulle afhanklik is.

Terwyl Remgro nie bedryfsbeheer oor sy onderliggende beleggings uitoefen nie, word oorsigtelik gekyk na hul omgewingsprestasie en word van hierdie maatskappye verwag om bestaande omgewingswetgewing, toepaslike rapporteringsprosedures en beste praktyke, sover dit die omgewing betref, na te kom in die sektore waar hulle sake bedryf. Elke maatskappy word aangemoedig en beïnvloed om hul eie omgewingsteikens, asook openbaarmakingsprosesse in ooreenstemming met hul sektor se verwagtinge en beste praktyke, te formuleer, met outonome besluitnemingsmagte oor hoe die teikens vir hierdie aktiwiteite bereik kan word. Remgro sal met sy onderliggende beleggings saamwerk om die impak van klimaatsverandering te hanteer, blootstelling aan risiko's te verminder en markgeleenthede te benut wat daaruit mag voortspruit.

In die jaar onder oorsig het 'n formele strategiese ESG-komitee van die Remgro-direksie tot stand gekom, asook 'n operasionele ESG-komitee ('n subkomitee van die strategiese ESG-komitee) om amptelik die ESG-omgewing deur 'n formele raamwerk aan te spreek.

Die Remgro-direksie het algehele verantwoordelikheid vir omgewingspraktyke wat deur sy hoofkantoorbedrywighede ("Remgro se hoofkantoor" of "die beleggingsmaatskappy self" of "Remgro-Bestuursdienste Beperk, (RBD) en die filiale wat deur laasgenoemde bestuur en geadministreer word") geïmplementeer en gehandhaaf word. Oorsig hiervan geskied deur beide die maatskaplike-en-etiesekomitee en die risiko-, geleentheids-, tegnologie- en inligtingbestuurs-operasionale subkomitee ('n subkomitee van die oudit-en-risikokomitee). Dit is in ooreenstemming met Remgro se veiligheids-, gesondheids- en omgewingsbestuursbeleid (VGO), wat die beleggingsmaatskappy self verbind tot volle regulerende nakoming; minimalisering van omgewingsimpak, deelname aan relevante rapporteringsuitsette, verantwoordelike omgewings-investering en deursigtigheid in verslagdoeningsprosedures.

As 'n gediversifiseerde belegger het Remgro onderliggende beleggings in verskillende sektore, van verskillende groottes en met verskillende impak op die omgewing. Remgro se uiteindelik doelwit is om die grootste gedeelte van sy portefeulje, insluitende dié beleggings met potensieel die grootste omgewingsvoetspoor, in sy rapportering oor omgewingkwessies in te sluit. Remgro het histories net oor die beleggingsmaatskappy self en drie van sy onderliggende beleggings (RCL Foods, Siqalo Foods en Wispeco) verslag gedoen, in gevolge die kweekhuisgasse (GHG) Protocol se ekwiteitsaandeelbenadering, waardeur kweekhuisgas-uitlatings proporsioneel aan Remgro toegedeel word in ooreenstemming met sy aandelebelang in hierdie maatskappye. As deel van sy einddoelwit brei Remgro sy omgewingsrapportering verder uit as die maatskappye waarin 'n meerderheidsbelang gehou word om uiteindelik sy hele beleggingsportefeulje in te sluit. As 'n wegspringpunt, sluit Remgro sy hoofkantoorbedrywighede (die beleggingsmaatskappy self), Mediclinic International plc (Mediclinic), Distell, RCL Foods, Siqalo Foods en Wispeco in. Dit sal die eerste keer wees dat Remgro Distell en Mediclinic in sy rapporteringsraamwerk insluit.

Meer inligting rakende Remgro se inisiatiewe om sy impak op die omgewing te minimaliseer, word in die volledige volhoubaarheidsverslag verskaf, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.